


# TOULEIER

Kom ons kyk bietjie na ’n paar minder bekende bergpasse hier op eie bodem. Elke tweede ryding wat ek sien is omtrent ‘n viertrek en baie van hulle is permanent bewapen met al die kamptoerusting wat mens maar kan van droom.

## Ons skop af met Antoniesberpas

Dit is nie 'n lui Sondagmiddagrit nie. Hierdie rowwe, steil gruispad kruis die Grootrivier aan die noordekant van die Baviaanskloofberge via 'n rivierkruising net onder 'n studam, sonder 'n brug.
Alhoewel die pas self slegs 5 km lank is, is dit die toegangspaaie wat die ry van hierdie pas ietwat van 'n avontuur maak.

Eerste dinge eerste - Jy sal nie hierdie pas kan ry sonder om in 'n viertrek-voertuig met goeie grondvryhoogte te wees nie.

'Sagtepadders' sal nie voldoende hoogte hê nie.

Avontuurfietsryers sal ervare moet wees om hierdie pad te hanteer, want dit is lank, rof, steil en gevaarlik oor baie gedeeltes, insluitend die hele oostelike afrit gedeelte tussen die pas en Patensie.

**Onder is drie GRATIS videos vir jou kleinkinders! Celia Jacobs, een van ons lesers, het sommer ‘n hele klomp van hierdie gemaak met haar eie stem en byklanke! Wonderlike lewenslesse en pret vir die kleuters.**
**Gaan na Utube met die skakel hier onder of as hy nie werk nie, tik homself in. GENIET!**




Die jakkalse | Fasie en Trien is ongehoorsaam | Die hoogmoedige volstruis

https://www.youtube.com/@OumaC-caj - **Wondelike Kersgeskenk vir die kleinkinders!**

# WESKUS – BLOMMEPARADYS

Derek Conradie het in die Groot Karoo, Richmond distrik in die Noord Kaap op 'n skaapplaas groot geword, waar sy pa hom van kleins af op die wonder van die natuur attent gemaak het, en in hom 'n liefde vir die natuur ontwikkel het.
Hy woon die afgelope 34 jaar aan die Weskus waarvan 31 jaar op St Helenabaai. Dit het hom opgeval dat daar heelwat van die plante wat ook in die Karoo voorkom ook hier voorkom, soos die kapokbos, taaibos en slymstok om maar net 'n paar te noem.
Hy het dadelik my liefde vir die natuur hier voortgesit en uitgeleef en elke vry oomblik gebruik om foto's van die verskillende blomme en plante van oral oor, maar veral hier in sy Weskuskontrei geneem.
Dit is 'n winter reënval gebied wat sy hoogtepunt met reën tussen Junie en Augustus gee.
Die somers is met ander woorde lank, baie warm met gepaardgaande hewige winde wat soms vir 2 weke stormsterk kan waai.

Gedurende die somer beskerm die meeste plante hulle deur al hulle blare af te gooi. Dan is daar basies net die taai, geharde bosse en struike wat blare behou, soos die taaibos, kersbos en enkele ander, maar in die winter is dit 'n ander storie, en verander die dorre droë vaal landskap, in 'n lushof van kleure, soos die plante en blomme oral opkom en die gebied in wonder tapyt van kleure omskep.

Ek deel graag 'n paar van my gunstelinge met ons Kammanuus lesers wat dalk nog hier langs gaan kom kuier om blomme te kom kyk. Dalk spoor dit ook die wat al hier was, aan om weer te kom kyk na dit wat julle laas keer misgekyk het.

Die eerste een se wetenskaplike naam is **Lampranthus Vredenburgensis.** Ook bekend as die **Vredenburg kruipvygie;**

Die tweede een is 'n pragtige blommetjie, die **Babiana Ambigua.** Ook bekend as Bobbejaantjie, wat 'n bolplantjie is.

Die derde een is 'n **Wachendorfia paniculata:** Ook in die volksmond bekend as Koffiepit omdat die blommetjie kompleet soos 'n koffiepit lyk net voordat dit oopmaak. Hy is ook 'n bolplant.


Vredenburg kruipvygie


Bobbejaantjie


Koffiepit

Oor die afgelope dertig jaar, het ek meer as honderd verskillende blomme gefotografeer, en deel hulle graag met julle.

Groete tot 'n volgende uitgawe vir die nog blomsoorte hier vanuit ons Weskus gebied.

## Derek Conradie – St. Helenabaai

(Indien jy Derek wil kontak vir meer inligting of wil reël dat hy jou vergesel om blomme te besigtig, kontak gerus my by kammanuus@gmail.com -red)




# UITSIG

## Hetsy berg, see of boom

Ek het lekker gegiggel oor Hennie se uitsig en boom storie. Dit noop my om bietjie te vertel van wat ons oorgekom het.

'n Uitsig vir een beteken nie altyd soveel as vir 'n ander nie. Dalk laat my uitsiglose storie julle ook glimlag.

Jare terug kuier ek en manlief in Kaapstad en Hermanus is ook op die reisplan met verblyf in 'n geskiedkundige, ouwêreldse hotel.

Met die intrapslag is daar probleme. Badkamers word deur al die gaste gedeel.
Geen probleem vir my gemaklike man nie, maar ek verseg.

Die vriendelike ontvangsdametjie bekyk ons ietwat skepties en besluit om dan maar een van die honeymoon suites vir ons twee oues van dae te gee.

**Nou vir die uitsig,** waaroor die storie eintlik gaan.

Soos sy seker geleer is, vra sy of ons 'n uitsig van die berg of 'n uitsig oor die see verkies. Nee, moeilike ek wil die hond wat in die kar moet slaap, omdat die hotel nie troeteldier vriendelik is nie, kan sien. Ietwat uit die veld geslaan, maar steeds vasbeslote dat ons 'n natuurskone uitsig sal hé, gee sy vir ons die sleutel van die een met die berguitsig.
**En nouja, van die hond ook !**

In die honeymoon suite kyk ek heel eerste by die venster uit. Geen beduidenis van 'n berg nie. Dalk as manlief my aan my voete vashou, sodat ek by die venster met 'n stokstywe lyf en behoorlik omgedraaide nek kan uithang... Gelukkig kan ek darem die hond in die kar mooi sien, sonder om 'n akrobatiese toertjie te moet uitvoer.

**En toe kry die storie nog 'n kinkel by.**

Die nag op die wittebroodbed droom ek, ek klim teen die berg uit, maar ek bly afgly ondertoe. Halfpad deur my klimmery, maak manlief my wakker.

**Iets is fout met die bed.**

Matras af, sien ons die bed se sporte is morsaf aan die een kant. Manlief lê behoorlik onder in 'n gat en ek lê teen die skuinste. Nou maar die matras op die vloer, sodat ons verder kan slaap.Die oggend toe ons die stukkende bed, by die ontvangsdame aanmeld, kry ons twee oues weer 'n skeptiese kykie Die keer dalk effens van 'n ander aard...

Groete, Leonora, Mosselbaai (JVR matriekmaatjie van my)

# Dié Maand se Giggels







So 40 minute teen so 350 grade behoort dit te doen Suster, en onthou om hom gereeld te bedruip

My hond het gegaan vir 'n haarsny Nou lyk dit of hy ophou drink het en sy hele lewe reggeruk het





# WEN 'N AFRIKAANSE SKAAKBOEK!

Laas maand se wielie-walie rondomtalie se weer en weer uitstuur van die Kammanuus, het toe sommer n hele paar nogal positiewe reaksies ontlok. Mense wat al jarre Kammanuus lees en nog nooit na vore gekom het om te kom gesels nie, kruip skielik uit hul meerkat gate. Party sommer van baie ver oor die see in **Anderkantland.** Ander hier reg onder my neus in die Weskaap. Al te lekker. Een van ons nuwe lesers het egter op een van my baie lewendige en gunsteling knoppies gedruk: **SKAAK!** Kyk, ek speel elke dag van my lewe skaak. Totaal en al verslaaf daaraan! Spel van Konings.

**Met konings**. Maar waar die dame, (soos ons almal maar te goed weet) eintlik die septer swaai.

Ek gaan jou nie met die spel verveel vandag nie, maar ek wil my opgewondenheid met jou deel in die hoop dat jy dalk ook sal kan bydra en/of help met die veldtog wat ons wil loods om skaak,
**in Afikaans**, aan ons kleinkinders bekend te stel.
**Hoe?**
**So maak ons:** Louis Holtzhausen van Durbanville het n boek geskryf met die naam:

**DIE SKAAKTOWENAAR VAN GROOTBOS**. Dit gaan oor die diere wat skaak speel, nogal hier in 'n magiese bos in Suid Afrika. Hy het al op RSG gesels oor die boek,

Pragtig vertel en gemik daarop om in die jeug die lus te ontwikkel om skaak te speel. Dis oor en oor bewys dat skaak nie net hul wiskunde verbeter nie, maar selfs ook dinge soos hulle taalvaardigheid.
**Hulle presteer beter met eksamens**.
Die boek is in elektroniese sowel as in gedrukte formaat beskikbaar.

Maar dis nie al nie! (klink soos n TV advertensie)
Ek loof ook n gedrukte uitgawe van die boek uit aan die wenner van ons **skaakvraag kompetisie**

**VRAAG: Wat beteken die term**: *en passant?*

Is dit **A**: Frans vir Skaak, **B:** Gelykop uitslag, of **C:** Die neem van n pion in die verbygaan
Stuur net jou antwoord met A, B of C in die onderwerplyn na kammanuus@gmail.com voor **30 Oktober.** Ons gooi al die regte antwoorde in 'n hoed en trek dan 'n wenner.




**As jy belangstel om 'n harde kopie/ë van die storieboek (sagteband) te koop, Whatsapp net 'STORIEBOEK' na 0780909092. Of besoek www.skaakmat.co.za en kyk daar rond!**

# NOG 'N PAAR GIGGELS
















# SPREEKWOORDELIKS

## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Keper: Op die keper beskou (noukeurig beskou)**

Vir die wewer is die keper die kettingskering met die inslag. As 'n mens die grofheid of fynheid van die weefsel, byvoorbeeld 'n laken, wil bepaal, druk 'n mens die wollige deel waarmee die basis van die weefsel bedek is teen die draad in en terug en dit wys hoe fyn of grof die keper is.

**Kers: Nie vir (by) iemand kan kers vashou nie (nie kan doen wat iemand anders kan nie)**

Voordat elektrisiteit in die wêreld gekom het, het die vakleerlinge van die ambagsman vir die meester 'n kers vasgehou as hy in donker plekke gaan werk het. Party leerlinge sou nooit die paal haal om self 'n meester te word nie, en dan is gesê dat hy nie by die meester kon kers vashou nie (so onbekwaam is hy).

**Ketter: Elke ketter het sy letter**

(Elkeen weet hoe om redes vir sy bewerings te kry): Dié redes is dikwels gegrond op 'n Bybelteks, vandaar die verwysing na 'n ketter.

**Kierang: Jou kierang(tjies) sal braai (Jou oneerlikheid sal bekend word):**

Die bronne is dit eens dat kierang uit Maleis kom, maar die vorm in dié taal word gedebatteer. D.F. Malherbe aanvaar tjóran en tjoerian soos in barang tjoerian wat "gesteelde goed" beteken. C. Pettman in sy Africanderisms skryf dit ook toe aan 'n Maleise werkwoord kurang wat "gebrekkig" beteken. Hy sê dan dat dit aan die Kaap as 'n bywoord gebruik word met die betekenis "onregverdig". Ander bronne bied koerang aan wat onder andere "oneerlik" beteken, maar hoekom dit sal braai, weet nugter.

# NOG 'N KERSGESKENK VIR DIE KLEINGOED!

**NET DIE GESKENK VIR DIE KLEINKINDERS! PRAGTIG VERTEL DEUR OUMA C** (Cecelia Jacobs van Onrus) Help haar om hierdie opvoedkundige lewenslessies, opgesluit in elke video, aan meer van ons kleuters wereldwyd bekend te stel.
Koop joune sommer nou, dis amper verniet! : www.youtube.com/@oumac-caj









POEDINGS

POEDINGS

POEDINGS



# Ouma se Poeding

Deeg:

2 eiers

3 E (37,5ml) suiker

3 E (37,5ml) koekmeel

1/4 tl (1ml) Sout

2 1/4 K (565ml) Melk

1 E (12,5ml) botter/margarien

2 Stukkies pypkaneel

Metode:

Klits die eiers en suiker saam en roer dan die meel daarin en voeg die sout by.

Kook die melk en gooi oor die mengsel. Roer aanhoudend.

Gooi in n oondbak, voeg die pypkaneel by en sit klontjies botter bo op.

Bak vir '+– 30 min op 180°C.

Geniet saam roomys of vla..



# Spreekkamerstories
## Met 'n lepel vol lag
Dr. Fana Malherbe



By 'n hospitaaldans gesels 'n dokter in die voorportaal van die hotel met 'n pragtige jong skoonheid terwyl sy vrou in die kleedkamer is. Toe sy terugkom, sien sy die skoonheid na die danssaal wegglip.

"Hoe ken jy haar?" vra sy vir haar man.

"Ag, net professioneel," sê hy.

"Joune – of hare?"

Dan was daar 'n oulike teatersuster wat onder haar kollegas as Appendix bekend gestaan het, want al die chirurge het haar uitgeneem.

## *Wat jy nié tydens chirurgie wil hoor nie!*

"Goed! Goed! Laat ons daaroor stem. Wie dink dis die lewer dié?"

"Dêssit, daar gaan die ligte al weer . . ."

"Opskud, kêrels, ek wil nie *Baywatch* misloop nie!"

"Moenie my laat lag nie, man, daar val my peperment nou in die wond!"

"Wat bedoel jy hy's nie hier vir 'n geslagsverandering nie?"

"Mediese Skool in Dar-es-Salaam was een groot fees."



# AGTEROS
## Net voor uitspantyd



Deur Chrisjan

# MY KOMVANDAAN - Chrisjan Du Toit

So lê ek mos vanoggend so bietjie in, julle weet mos, so bietjie later in die kooi, want dis Saterrag, soos hulle hier innie Kaap sê. Terloops my liewe vrou lê elke Saterrag in. Inlê is iets wat ek hier in die Kaap aangeleer het vandat ek en Antoinette so 'n amperse drie jaar gelede na onse geboortegrond – nou nie presies nie, maar nagenoeg – uit die ou-Transvaal teruggekeer het. Ek gebruik die woordjie "ou" as deel van die eienaam, want ek wil graag positief wees. Ewenwel kom ons los dít nou maar eers daar.
So met die inlê, gaan haal Antoinette gou Die Burger wat ons net Saterdae by die hek afgelewer kry. Ook met die belofte dat sy ook vir ons koffie sal maak terwyl ek rustig na Derech Gardener op RSG kan luister. Praat van bederf – koffie in die bed!!! Toemaar, voordat iemand my as 'n chauvinis ytkryt, my vrou kry elke oggend dou-voor-dag, haar koppie koffie in die bed. Hoe's daai nou vir julle?
Nietemin my vrou is nog baie lief vir die gevoel van koerantpapier tussen haar vingers, daarom doen sy maar die moeite om die koerant by die hek te gaan haal. Sy sê dan glad 'n koerant ruik ook lekker! Om die waarheid te sê, het ek daardie "gevoelens" lankal afgeleer, want ek lees deesdae mos Netwerk24 sommerso oor my slimfoon so uit my handpalm. Baie grênd miskien, maar tegnologies tog steeds nie baie slimmer nie!
Later die oggend besluit ek toe maar ek sal selwers ook bietjie deur die koerant blaai. Soos dit ons manne betaam begin ek by die agterblad. Vir die wat nie weet nie, by die sportberigte. Nou daarvan het ek meestal reeds vroegoggend saam met die koffie op Netwerk24 gelees. Tussenin die papierkoerant was daar 'n paar invoegsels naamlik Snuffelgids met die Sterfgevalle en In Memorium nog steeds daar. Nou verstaan ek waar Antoinette aan al die vrae gekom het van of ek so-en-so van Thornton geken het? Die ander invoegsels vanoggend was een oor braaidag en die ander een oor wyne. Dit het eerlikwaar my glad nie beïndruk nie omdat ek nie meer skaaptjops of enige wyn in 'n bottel kan bekostig nie! Gelukkig kan ek darem nog 'n varktjoppie koop en met verlange terugdink aan Tassies. Laasgenoemde kom nog uit my studentejare. Dis mos nou vir jou 'n goeie wyn as dit na al daardie jare nog in die mark verkrygbaar is. Soos hulle destyds gesê het dat 10 000 Maties mos nie almal verkeerd kan wees nie!

Die nuusberigte van die hoog ge-eërde koerant was ook vir my ou nuus, want ek het dit ook al op Netwerk24 gelees. Maar toe kom ek by die middelblaaie uit, daar waar die spotprent gewoonlik is. Ek lees dit mos nie so gereeld op Netwerk24 nie, dalk miskien nog vir ou Blou Willem op 'n Maandag. Maar watter aangename verrassing! Ek praat nou van die middelblaaie van Die Burger! Humor, politiek, godsdiens, aktualiteit (vanoggend oor Charlie Kirk) en les bes "Van alle kante" deesdae behartig deur Dana Snyman. Ek was nog altyd lief vir Dana Snyman se skryfwerk. Dis so my styl oor lekker gemaklike goed uit die verlede. As ek hom vanoggend so lees, sou ek sweer, let op ek sê darem"sou", dat ek en Dana broers was met dieselfde ouers.
Daai goed waarvan hy vanmôre praat kom so uit my eie ouerhuis daar van Thornton se dae af. Doen gerus die moeite en lees die artikel. Dis toe dat ek wonder of almal die toepassing (Toep) het om dit te kan doen. Ek wou voorstel dat mens maar moet probeer om die harde kopie van Die Burger te gaan koop. Dit sou 'n goeie winskopie wees. Ek kyk toe gou om te sien wat die koerant deesdae kos. Om die minste te sê, ek was oorbluf! Vanoggend se uitgawe 'n volle R21-50! Ek was totaal verstom.

Ek meen te sê dat toe ek die eerste keer van Die Burger bewus geword het, so om en by 70 jaar gelede, het dit 'n volle tiekkie gekos! Vir 'n tiekkie kon jy doerie tyd iets soos 'n halwe brood of 'n "bakkie" roomys, kompleet met 'n houtlepeltjie en al of 6 pienk Star toffees of 6 bruin Wilson toffees koop. Ons het dit by die winkel by die sirkel of by oom Todd se winkel by die stasie teen twee vir 'n sent gekoop. Ek wil nou nie jok nie, maar ek dink mens kon vier Chappies of twee pienk Wicks' Bubble Gums ook vir 'n sent koop.

Terug na die tiekkie-storie en iets waaraan ek ook gedink het, maar hier moet 'n paar Thornton-pêlle my miskien help. In Planelaan het 'n ou gewoon wat ons die bynaam van Tiekkie Burger gegee het. Ek het eers later agtergekom sy van was eintlik Van der Colff. Hoe hy aan dié bynaam gekom kan ek nie onthou nie. Feit bly dat Die Burger eens op 'n tyd net 'n tiekkie gekos het, dit was virseker.

Op 'n ietwat ander trant was die bynaam van Tiekkie dikwels vir mense wat klein van postuur was, gebruik. Ek onthou toe ook van Tiekkie, 'n dwergie in die destydse Boswell en Wilkie-sirkus wat as nar opgetree het. Ek het destyds nie veel erg aan 'n sirkus gehad nie, maar Tiekkie was my hoogtepunt, miskien omdat ek hom verstaan het!

Nou ja so het my bietjie inlê vanmôre my op nog ‘n nostalgiereis deur my komvandaan geneem en ‘n bietjie nostalgie is mos altyd lekker, veral so op ‘n Saterrag!

Groetnis,

Chrisjan




# TOT VOLGENDE MAAND DAN!